AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Kontaksessie en klasbywoning:

BEPALINGS EN PROSEDURES

1 *Akademia se uitgangspunt ten opsigte van kontaksessie- en klasbywoning*

Akademia beskou die bywoning van kontaksessies en klasse as noodsaaklik vir akademiese sukses. Interaksie met fakulteitpersoneel en medestudente bied die beste geleentheid vir leer om plaas te vind en vir die beoefening van vaardighede wat nodig is om bevoegdhede in die module te bemeester.

Besprekings in die kontaksessies en klas verryk ook begrip buite die grense van die spesifieke module en program en ontwikkel studente se analitiese vaardighede en vermoë om idees effektief te kommunikeer.

Akademia verwag van elke student om sy of haar opvoeding ten volle te benut deur persoonlike verantwoordelikheid vir kontaksessie- en klasbywoning te neem. Studentebywoning is die verantwoordelikheid van die studente en alle studente moet verseker dat hul bywoning elektronies aangeteken word.

Fakulteite kan strenger vereistes stel t.o.v. bywoning, stiptelikheid en deelname. Enige bywoningsvereistes sal in die modulehandleiding vir elke module op die Spens uiteengesit word.

Die student dra die verantwoordelikheid vir die effek wat afwesighede op klasdeelname kan hê, aangekondigde en onaangekondigde assesserings, geskrewe werkopdragte, verslae, en ander maniere om prestasie in ń module te evalueer.

In die geval van ernstige siekte, ongeluk of dood in die gesin, moet studente so gou as moontlik kontak maak met die administratiewe afdeling wat die student dan sal adviseer. Alle bepalings ten opsigte van assesserings wat in hierdie tyd misgeloop mag word, is vervat in die Jaarboek en word nie hier herhaal nie.

Klasafwesighede is een van die vroeë tekens dat ń student akademiese, persoonlike, of emosionele uitdagings of nood ervaar. Akademia sal onder hierdie omstandighede volgens die Studenteondersteuningsbeleid optree.

NAUURSE AFSTANDSMODEL	VOLTYDSE KAMPUSMODEL
Minimum van 50% van kontaksessies moet bygewoon word om eksamentoelating te verkry.	Minimum van 50% van geskeduleerde klasse moet bygewoon word om eksamentoelating te verkry.

2 *Voordele van studiesentrums en kampus*

NAUURSE STUDENTE *(studiesentrums)*	KAMPUSSTUDENTE
Veilige omgewing sonder enige huislike steuring sodat student gefokus kan studeer	Veilige omgewing
Gratis internet	Gratis internet
Kragopwekker	Kragopwekker
Moderne, gemaklike leeromgewing	Kontak met dosent
Interaksie met ander studente, deel van ń studentegemeenskap	Interaksie met ander studente, deel van ń studentegemeenskap
Studenteaksies	Studenteaksies
Werkspasie vir studeer en groepswerk	Werkspasie vir studeer en groepswerk
	Kafeteria
	Biblioteek

3 *Hoe werk die rooster?*

NAUURSE STUDENTE	KAMPUSSTUDENTE
Klas van 17:30-21:30 Maandae tot Donderdae	Klasse 08:00-17:00 Maandae tot Vrydae
Klasse word aangebied op Teams met interaksie tussen studente en dosente aanlyn	Studente se klasse is interaktief met dosent teenwoordig in die klaskamer
Studente binne 50 km-radius van sentrums woon klas by in sentrum	Klasse word aangebied by die Centurion-kampus, geen ander sentrum nie
Studente buite 50 km-radius is op e-leer en kan van die huis af inskakel op Teams	

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.

AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Kontaksessie en klasbywoning:

BEPALINGS EN PROSEDURES

4 *Waar skryf ek my toetse en eksamens?*

NAUURSE ROOSTER	KAMPUSROOSTER
Sentrumstudente (binne 50 km-radius): Studiesentrum (verwys na Registrasiebrief)	Centurion-kampus
E-leerstudente (buite 50 km-radius): Proctorio	*Neem asb. kennis:* * Kampusstudente kan nie by ander sentrums of op Proctorio hul assesserings voltooi nie. * Kampusstudente kan aansoek doen om in uiterse omstandighede, ń aanvullende eksamen by ń studiesentrum naby aan hulle te gaan aflê.
NB! E-leerstudente is altyd welkom om by die studiesentrum te kom skryf as hul bang is vir tegniese uitdagings en reëling moet binne 48 uur getref word om by studiesentrum te kom skryf	

5 *Hoe teken ek presensie aan en hoeveel klasse moet ek bywoon?*

NAUURSE STUDENTE	KAMPUSSTUDENTE
Sentrumstudente (binne 50 km-radius): Skandeer studentekaart by sentrum vir presensie 50%-klasbywoning in sentrum per module	Skandeer studentekaart op kampus vir presensie
E-leerstudente (buite 50 km-radius): Teams-teenwoordigheid en interaksie word ingelees as presensie 50%-bywoning van A-gemeenskapaktiwiteite	50%-klasbywoning van geskeduleerde klasse

Studente kan hul eie klasbywoningverslae trek en monitor op die Studenteportaal en moet sorg hulle teken korrek presensie aan, anders sal die verslag nie akkuraat wees nie.

6 *Waar kry ek my studentekaart?*

Alle studente ontvang ń elektroniese studentekaart wat gelaai is op die Studenteportaal saam die Bevestiging van Registrasiebrief (BvR).

Studente kan ook ń fisiese studentekaart bestel (op eie onkoste) by Wize Books en laat aflewer. Studente sal ń e-pos direk van Wize Books af ontvang sodra die portaal waar boeke aangekoop kan word, beskikbaar is.

*Wize Books is Akademia se voorkeurverskaffer vir handboeke en alle studente sal kommunikasie van Wize Books ontvang oor handboeke, studente wat nie van Wize Books wil gebruik maak nie, kan steeds die studentekaart deur hul bestel en laat aflewer.

7 *Wat gebeur as ek nie ń klas bywoon nie?*

NAUURSE STUDENTE	KAMPUSSTUDENTE
50%-deelname word vereis, geen verskonings word aanvaar nie. Student kan die eksamen in die module geweier word indien daar nie voldoende klasbywoning aangeteken is nie.	50%-deelname word vereis, geen verskonings word aanvaar nie. Student kan die eksamen in die module geweier word indien daar nie voldoende klasbywoning aangeteken is nie.
Studente neem die verantwoordelikheid om klas wat misgeloop is se werk in te haal en hul studies te bestuur.	Studente neem die verantwoordelikheid om klas wat misgeloop is se werk in te haal en hul studies te bestuur.

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.